Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 905
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 905
Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 32.] PRETORIA, 2 FEBRUARIE / 2 FEBRUARY 1968. [No. 1968.

PROKLAMASIE

van die Waarnemende Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

No. R. 13, 1968.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN ARTIKELS 1, 3, 8 TOT EN MET 17 EN 19 TOT EN MET 28 VAN DIE WYSIGINGSWET OP HANDELSKEEPVAART, 1965 (WET No. 13 VAN 1965).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 30 van die Wysigingswet op Handelskeepvaart, 1965 (Wet No. 13 van 1965), verklaar ek hierby dat artikels 1, 3, 8 tot en met 17 en 19 tot en met 28 van genoemde Wet op 13 Maart 1968 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pietersburg, op hede die Dertiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.
B. J. SCHOEMAN.

PROCLAMATION

by the Acting State President of the Republic of South Africa.

No. R. 13, 1968.]

DATE OF COMING INTO FORCE OF SECTIONS 1, 3, 8 TO 17 INCLUSIVE AND 19 TO 28 INCLUSIVE OF THE MERCHANT SHIPPING AMENDMENT ACT, 1965 (ACT No. 13 OF 1965).

Under and by virtue of the powers vested in me by section 30 of the Merchant Shipping Amendment Act, 1965 (Act No. 13 of 1965), I hereby declare that sections 1, 3, 8 to 17 inclusive and 19 to 28 inclusive of the said Act, shall come into operation on 13 March 1968.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pietersburg on this Thirteenth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.
B. J. SCHOEMAN.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. R. 145.] [2 Februarie 1968.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

VASSTELLING No. 21, KRAGTENS ARTIKEL *SEWE-EN-SEWENTIG.*

DIE WERK OM 'N MOTORVOERTUIG TE BESTUUR IN SEKERE LANDDROSDISTRIKTE IN TRANSVAAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, maak hierby kragtens artikel 77 (7) (*a*) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, 'n Vasstelling ooreenkomstig die Bylaes hiervan en bepaal hierby ingevolge artikel 77 (7) (*b*) van genoemde Wet die eerste Maandag na verstryking van 6 maande na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, as die datum waarop genoemde Vasstelling bindend word.

M. VILJOEN,
Minister van Arbeid.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. R. 145.] [2 February 1968.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

DETERMINATION No. 21, IN TERMS OF SECTION *SEVENTY-SEVEN.*

THE WORK OF MOTOR VEHICLE DRIVING IN CERTAIN MAGISTERIAL DISTRICTS IN THE TRANSVAAL AND ORANGE FREE STATE.

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, do hereby, in terms of section 77 (7) (*a*) of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, make a Determination in accordance with the Schedule hereto, and in terms of section 77 (7) (*b*) of the said Act, fix the first Monday following on the expiration of 6 months after the date of publication of this notice as the date from which the said Determination shall be binding.

M. VILJOEN,
Minister of Labour.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BYLAE.

1. *Toepassing en Bestek van die Vasstelling.*

In die Bedryf vir die Vervoer van Goedere, die Bedryf vir die Verkoop en Aflewering van Sand, die Klipbreeknywerheid, die Klipgroefnywerheid, die Baksteenvervaardigingsnywerheid, die Sementproduktenywerheid, die Sementvervaardigingsnywerheid en die Mineraalwaternywerheid, in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria (wat voorheen deel uitgemaak het van die landdrosdistrikte Randfontein, Roodepoort en Vanderbijlpark), Witbank, Bloemfontein, Kroonstad en Sasolburg, uitgesonderd enige Bantoegebied, wanneer die pos van 'n werknemer wat die werk verbonde aan die bestuur van 'n motorvoertuig verrig, om enige rede van welke aard ook al deur sodanige werknemer ontruim word, of wanneer so 'n pos as 'n nuwe pos geskep word, word sodanige werk gereserveer vir Blanke persone en mag geen persoon wat nie 'n Blanke persoon is nie, sodanige werk verrig nie.

2. *Woordomskrywings.*

In hierdie Vasstelling, tensy dit in hierdie klousule anders omskryf word of tensy die sinsverband anders aandui, het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet No. 28 van 1956), soos gewysig, 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie Vasstelling gebruik word en beteken—

„ onbelaste gewig " die gewig van 'n voertuig of sleepwa soos aangegee op die lisensie of sertifikaat wat ten opsigte van die voertuig of sleepwa deur 'n lisensieowerheid uitgereik word;

„ werk verbonde aan die bestuur van 'n motorvoertuig " die bestuur van 'n voertuig wat vir die vervoer van goedere in die landdrosdistrikte in klousule 1 genoem, gebruik word en wat nie deur middel van mense- of dierekrag aangedryf word nie, maar dit omvat nie ook die bestuur van 'n voertuig nie—

(*a*) waarvan die onbelaste gewig, tesame met die onbelaste gewig van 'n sleepwa of sleepwaens wat aan sodanige voertuig geheg is of daardeur getrek word, minder as 10,000 lb is;

(*b*) wat deur die landdrosdistrikte genoem in klousule 1 bestuur word sonder om goedere binne genoemde distrikte op of af te laai;

(*c*) op die perseel van 'n werkgewer, met insluiting van die direkte kruising van 'n openbare pad;

(*d*) van buite die landdrosdistrikte genoem in klousule 1, wat by ongereëlde geleenthede wat nie met mekaar in verband staan nie en wat nie dikwels voorkom nie goedere in genoemde distrikte aflaai of goeder daar oplaai om dit buite sodanige distrikte af te laai.

SCHEDULE.

1. *Application and Scope of the Determination.*

In the Goods Transportation Trade, the Trade for the Sale and Delivery of Sand, the Stonecrushing Industry, the Quarrying Industry, the Brick Manufacturing Industry, the Cement Products Industry, the Cement Manufacturing Industry and the Mineral Water Industry, in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Westonaria (which previously formed part of the Magisterial Districts of Randfontein, Roodepoort and Vanderbijlpark), Witbank, Bloemfontein, Kroonstad and Sasolburg, excluding any Bantu area, whenever the post of an employee who performs the work of driving a motor vehicle is for any reason whatsoever vacated by such employee, or whenever such a post is created as a new post, such work is reserved for White persons, and no person who is not a White person may perform such work.

2. *Definitions.*

In this Determination, unless otherwise defined in this clause or unless the context otherwise indicates, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Industrial Conciliation Act, 1956 (Act No. 28 of 1956), as amended, shall have the same meaning when used in this Determination, and—

" unladen weight " means the weight of any vehicle or trailer as expressed in a licence or certificate issued by a licensing authority in respect of such vehicle or trailer;

" work of driving a motor vehicle " means the driving of a vehicle used for the transportation of goods in the Magisterial Districts referred to in clause 1 and which is not propelled by means of human or animal power, but does not include the driving of a vehicle—

(*a*) the unladen weight of which, together with the unladen weight of any trailer or trailers attached to or drawn by such vehicle, is less than 10,000 lb;

(*b*) driven through the Magisterial Districts referred to in clause 1 without loading or unloading any goods within the said Districts;

(*c*) on the premises of an employer, including the direct crossing of a public road;

(*d*) from outside the Magisterial Districts referred to in clause 1, which on unconnected, irregular and infrequent occasions unloads goods in the said Districts or loads goods there for unloading outside such Districts.

DEPARTEMENT VAN HANDEL.

No. R. 146.] [2 Februarie 1968.

PRYSBEHEER.

AANSTELLING VAN PRYSKONTROLEUR.

Ek, Jan Friedrich Wilhelm Haak, Minister van Ekonomiese Sake, maak hierby vir algemene inligting bekend dat ek, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen

DEPARTMENT OF COMMERCE.

No. R. 146.] [2 February 1968.

PRICE CONTROL.

APPOINTMENT OF PRICE CONTROLLER.

I, Jan Friedrich Wilhelm Haak, Minister of Economic Affairs, hereby notify for general information that acting under the powers vested in me by section *two* of the Price

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

by artikel *twee* van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet No. 25 van 1964), Gabriël Joseph Johannes Fourie Steyn, Sekretaris van Handel, met ingang van 1 Februarie 1968 as Pryskontroleur aangestel het.

Goewermentskennisgewing No. R. 1530 van 2 Oktober 1964 word hierby ingetrek.

J. F. W. HAAK,
Minister van Ekonomiese Sake.

No. R. 147.] [2 Februarie 1968.

PRYSBEHEER.

AANWYSING VAN ADJUNK-PRYSKONTROLEUR.

Ek, Gabriël Joseph Johannes Fourie Steyn, Pryskontroleur, maak hierby vir algemene inligting bekend dat ek, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie* van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet No. 25 van 1964), Hendrik Johannes Philippus Lubbe Kruger as Adjunk-pryskontroleur aangewys het.

G. J. J. F. STEYN,
Pryskontroleur.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. R. 148.] [2 Februarie 1968.

LUSERNSAADSKEMA.

HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP LUSERNSAAD.

Kragtens artikel 29 (1) van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Lusernsaadbeheerraad, genoem in artikel 3 van die Lusernsaadskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 30 van 1963, soos gewysig, kragtens artikels 15 en 16 van genoemde Skema, en met my goedkeuring, die heffing en spesiale heffing op lusernsaad, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die heffing opgelê by Goewermentskennisgewing No. R. 10 van 6 Januarie 1967.

En voorts maak ek hierby bekend dat genoemde heffings op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

BYLAE.

Die volgende heffing en spesiale heffing word hierby opgelê op lusernsaad, wat deur genoemde Raad verkoop word:—

(*a*) In die geval van Klas A en B lusernsaad—
(i) 'n heffing van R0.30 per 100 lb; en
(ii) 'n spesiale heffing van R0.20 per 100 lb.

(*b*) In die geval van Klas C lusernsaad—
(i) 'n heffing van R0.30 per 100 lb; en
(ii) 'n spesiale heffing van R1.20 per 100 lb.

Control Act, 1964 (Act No. 25 of 1964), I have appointed Gabriël Joseph Johannes Fourie Steyn, Secretary for Commerce, Price Controller with effect from 1st February 1968.

Government Notice No. R. 1530 of 2 October 1964, is hereby withdrawn.

J. F. W. HAAK,
Minister of Economic Affairs.

No. R. 147.] [2 February 1968.

PRICE CONTROL.

DESIGNATION OF DEPUTY PRICE CONTROLLER.

I, Gabriël Joseph Johannes Fourie Steyn, Price Controller, hereby notify for general information that, acting under the powers vested in me by section *three* of the Price Control Act, 1964 (Act No. 20 of 1964), I have designated Hendrik Johannes Philippus Lubbe Kruger Deputy Price Controller.

G. J. J. F. STEYN,
Price Controller.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. R. 148.] [2 February 1968.

LUCERNE SEED SCHEME.

LEVY AND SPECIAL LEVY ON LUCERNE SEED.

In terms of section 29 (1) of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, do hereby make known that the Lucerne Seed Control Board referred to in section 3 of the Lucerne Seed Scheme, published by Proclamation No. R. 30 of 1963, as amended, has in terms of sections 15 and 16 of that Scheme, and with my approval, imposed the levy and special levy as set out in the Schedule hereto in substitution for the levy imposed under Government Notice No. R. 10 of the 6th January, 1967.

And I do hereby further make known that the said levies shall become operative on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

SCHEDULE.

The following levy and special levy are hereby imposed on lucerne seed sold through the said Board:—

(*a*) In the case of Class A and B lucerne seed—
(i) a levy of R0.30 per 100 lb; and
(ii) a special levy of R0.20 per 100 lb.

(*b*) In the case of Class C lucerne seed—
(i) a levy of R0.30 per 100 lb; and
(ii) a special levy of R1.20 per 100 lb.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. R. 149.] [2 Februarie 1968.

LUSERNSAADSKEMA.

LUSERNSAADPRYSE.

Kragtens artikel 29 (1) van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Lusernsaadbeheerraad, genoem in artikel 3 van die Lusernsaadskema, gepubliseer by Proklamasie No. R. 30 van 1963, kragtens artikel 18 van daardie skema, en met my goedkeuring, die verbodsbepaling in verband met die verkoop van lusernsaad, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die verbod wat by Goewermentskennisgewing No. R. 1814 van 11 November 1966 gepubliseer is.

En voorts maak ek hierby bekend dat genoemde verbod op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie
en -bemarking.

BYLAE.

1. 'n Persoon wat kragtens sy registrasie by die Raad gemagtig is om lusernsaad skoon te maak, mag nie lusernsaad aan 'n persoon wat daarmee as 'n besigheid handel, verkoop teen 'n hoër prys as R22.55 per 100 lb nie: Met dien verstande dat hierdie prys verhoog mag word met die bedrag die spoorvrag in, deur die genoemde skoonmaker aangegaan ten opsigte van die betrokke hoeveelheid lusernsaad.

2. In hierdie kennisgewing het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), of in die genoemde Lusernsaadskema, 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis.

No. R. 149.] [2 February 1968.

LUCERNE SEED SCHEME.

LUCERNE SEED PRICES.

In terms of section 29 (1) of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Lucerne Seed Control Board, referred to in section 3 of the Lucerne Seed Scheme, published by Proclamation No. R. 30 of 1963, as amended, has in terms of section 18 of that scheme, and with my approval, imposed the prohibition in connection with the sale of lucerne seed, as set out in the Schedule hereto, in substitution for the prohibition made known by Government Notice No. R. 1814 of 11th November 1966.

And I do hereby further make known that the said prohibition shall become operative on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics
and Marketing.

SCHEDULE.

1. A person who by virtue of his registration with the Board is authorised to clean lucerne seed shall not sell lucerne seed to a person dealing with it in the course of trade at a price above R22.55 per 100 lb: Provided that this price may be increased by the amount of railage inwards incurred by the said cleaner on the quantity of lucerne seed concerned.

2. In this notice any word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), or in the said Lucerne Seed Scheme, has the same meaning.

No. R. 150.] [2 Februarie 1968.

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.

OPGAWES WAT DEUR PRODUSENTE VAN SITRUSVRUGTE VERSTREK MOET WORD.—WYSIGING.

Kragtens artikel 29 van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Sitrusraad genoem in artikel 3 van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie No. R. 121 van 1964, soos gewysig, kragtens die bevoegdheid hom verleen ingevolge artikel 16 (1) (*k*) en (*l*) van genoemde skema en met my goedkeuring, die voorskrifte bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. R. 29 van 7 Januarie 1966, soos gewysig, verder gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

Voorts maak ek bekend dat hierdie kennisgewing in werking tree op die datum van publikasie hiervan.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en
-bemarking.

BYLAE.

Die Bylae van Goewermentskennisgewing No. R. 29 van 7 Januarie 1966, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Aanhangsel A deur die volgende Aanhangsel te vervang: —

No. R. 150.] [2 February 1968.

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.

RETURNS TO BE RENDERED BY PRODUCERS OF CITRUS FRUIT.—AMENDMENT.

In terms of section 29 of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Citrus Board referred to in section 3 of the South African Citrus Scheme, published by Proclamation No. R. 121 of 1964, as amended, has under the powers vested in it by section 16 (1) (*k*) and (*l*) of the said scheme, and with my approval, further amended the requirements made known by Government Notice No. R. 29, dated 7 January 1966, as amended, as set out in the Schedule hereto.

I hereby further make known that this notice shall come into operation on the date of publication hereof.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics
and Marketing.

SCHEDULE.

The Schedule to Government Notice No. R. 29 of 7 January 1966, as amended, is hereby further amended by the substitution for Annexure A of the following Annexure: —

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

AANHANGSEL " A " UITVOERDERS.—ANNEXURE " A " EXPORTERS.

SKATTING VAN SITRUSVRUGTEOES 19..... SEISOEN./*CITRUS CROP ESTIMATE* 19..... *SEASON.*

(Vorm wat voltooi moet word deur sitrusuitvoerders en aan die Sitrusraad, Posbus 1158, Pretoria gelewer moet word.—*Form to be completed by citrus exporters and returned to the Citrus Board, P.O. Box* 1158, *Pretoria.*)

Weeklikse tydperk van aflewering op plaas eindigende 19..... *Weekly period of delivery ex farm ending* 19.....	Hoeveelheid Vrugte Ooreenkomstig Uitvoerregulasies in Kartonne/Draadgebinde Kissies/*Quantity of Fruit Conforming to Export Regulations in Cartons/Wirebound Boxes.*																			
	Pitlose Pomelo's in Kartonne/Draadgebinde Kissies/*Seedless Grapefruit in Cartons/Wirebound Boxes.*												Suurlemoene in Kartonne/Draadgebinde Kissies/*Lemons in Cartons/Wirebound Boxes.*						Nartjies in Kartonne/Draadgebinde Kissies/*Naartjes in Cartons/Wirebound Boxes.*	
	Witvleis/*White Flesh.*						Rooivleis/*Red Flesh.*													
	Telling/*Count.*					Totaal/*Total.*	Telling/*Count.*					Totaal/*Total.*	Telling/*Count.*					Totaal/*Total.*		
Totaal/Total...																				
Naam/*Name*..... (In Hoofletters/*In Block Letters.*)							14				14						45			
							18				18						61			
							23				23						80			
							27	Ontleding van die Totaal			27						88			
Adres/*Address*.....							32	volgens Telling/*Analysis*			32						100			
							36	*of the Total by Counts.*			36						120			
							40				40						135			
							48				48						150			
Handtekening/*Signature*.....							56				56						162			
							64				64						195			
Datum/*Date*.....							72				72						221			
																	245			
							Totaal/*Total.*				Totaal/*Total*.....						Totaal/*Total*...			

Laaistasie of Sylyn/*Loading Station or Siding*:.....

S.O.S. vir Lemoene.
P.T.O. for Oranges.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

AANHANGSEL " A " UITVOERDERS.—*ANNEXURE " A " EXPORTERS.*

SKATTING VAN SITRUSVRUGTEOES 19____ SEISOEN.—*CITRUS CROP ESTIMATE* 19____ *SEASON.*

(Vorm wat voltooi moet word deur sitrusuitvoerders en aan die Sitrusraad, Posbus 1158, Pretoria gelewer moet word.—*Form to be completed by citrus exporters and returned to the Citrus Board, P.O. Box* 1158, *Pretoria.*

Weeklikse tydperk van aflewering op plaas eindigende 19____/*Weekly period of Delivery ex Farm ending* 19____	Hoeveelheid Vrugte Ooreenkomstig Uitvoerregulasies in Kartonne/Draadgebinde Kissies/*Quantity of Fruit Conforming to Export Regulations in Cartons/Wirebound Boxes.*																			
	Soetlemoene/*Sweet Oranges.*																			
	Nawels/*Navels.*							Proteas							Disas					
	Telling/*Count.*						Totaal/*Total.*	Telling/*Count.*					Totaal/*Total.*		Telling/*Count.*					Totaal/*Total.*
Totaal/*Total*...																				
Naam/*Name*_____ (In Hoofletters/*In Block Letters.*)								40					40							
								48	Ontleding				48							
								56	van die To-				56							
								72	taal volgens				72							
Adres/*Address*_____								88	Telling/				88							
								112	*Analysis of*				112							
								138	*the Total by*				138							
								150	*Counts.*				150							
Handtekening / *Signature*_____								162					162							
								175					175							
Datum / *Date*_____								Totaal/*Total.*					Totaal/*Total.*							

Laaistasie of Sylyn/*Loading Station or Siding*_____

S.O.S vir pomelo's, suurlemoene en nartjies.
P.T.O. for Grapefruit, Lemons and Naartjes.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE.

No. R. 151.] [2 Februarie 1968.

WET OP STAATSONDERSTEUNDE INRIGTINGS, 1931.—REGULASIES: WYSIGING.

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 7 van die Wet op Staatsondersteunde Inrigtings, 1931 (Wet No. 23 van 1931), het die Minister van Nasionale Opvoeding die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 91 van 14 Januarie 1966, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 1274 van 25 Augustus 1967, gewysig deur die byvoeging van die volgende deel:—

„DEEL IX.

Buitengewone Gevalle.

88. Indien die omstandighede van 'n geval na die oordeel van die Minister 'n afwyking van 'n bepalings van hierdie regulasies regverdig, kan hy na goeddunke met die geval handel: Met dien verstande dat geen handeling kragtens hierdie regulasie ten opsigte van iemand tot sy nadeel strek nie."

DEPARTMENT OF CULTURAL AFFAIRS.

No. R. 151.] [2 February 1968.

STATE-AIDED INSTITUTIONS ACT, 1931.—REGULATIONS: AMENDMENT.

Under and by virtue of the powers vested in him by section 7 of the State-aided Institutions Act, 1931 (Act No. 23 of 1931), the Minister of National Education has amended the regulations published under Government Notice No. R. 91 of the 14th January 1966, as amended by Government Notice No. R. 1274 of the 25th August 1967, by the addition of the following Part:—

"PART IX.

Exceptional Cases.

88. If in the opinion of the Minister the circumstances of a case justify a departure from any provision of these regulations, he may deal with the case as he may deem fit: Provided that no action taken in terms of this regulation in respect of any person shall be detrimental to him."

INHOUD.

No. BLADSY

PROKLAMASIE.

R. 13. Datum van Inwerkingtreding van Artikel 1, 3, 8 tot en met 17 en 19 tot en met 28 van die Wysigingswet op Handelskeepvaart, 1965 1

Departement van Arbeid.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R. 145. Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos Gewysig: Vasstelling No. 21: Die Werk om 'n Motorvoertuig te Bestuur in Sekere Landdrosdistrikte in Transvaal en die Oranje-Vrystaat 1

Departement van Handel.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

R. 146. Prysbeheer: Aanstelling van Pryskontroleur 2

R. 147. Prysbeheer: Aanwysing van Adjunk-Pryskontroleur 3

Departement van Kultuursake.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

R. 151. Wet op Staatsondersteunde Inrigtings, 1931: Regulasies 7

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

R. 148. Lusernsaadskema: Heffing en Spesiale Heffing op Lusernsaad 3

R. 149. Lusernsaadskema: Lusernsaadpryse 4

R. 150. Suid-Afrikaanse Sitrusskema: Opgawes wat Produsente van Sitrusvrugte Verstrek moet word: Wysiging 4

CONTENTS.

No. PAGE

PROCLAMATION.

R. 13. Date of Coming into Force of Section 1, 3, 8 to 17 Inclusive and 19 to 28 Inclusive of the Merchant Shipping Amendment Act, 1965 1

Department of Agricultural Economics and Marketing.

GOVERNMENT NOTICES.

R. 148. Lucerne Seed Scheme: Levy and Special Levy on Lucerne Seed 3

R. 149. Lucerne Seed Scheme: Lucerne Seed Prices 4

R. 150. South African Citrus Scheme: Returns to be rendered by Producers of Citrus Fruit: Amendment 4

Department of Commerce.

GOVERNMENT NOTICES.

R. 146. Price Control: Appointment of Price-Controller 2

R. 147. Price Control: Designation of Deputy Price-Controller 3

Department of Cultural Affairs.

GOVERNMENT NOTICE.

R. 151. State-Aided Institutions Act, 1931: Regulations 7

Department of Labour.

GOVERNMENT NOTICE.

R. 145. Industrial Conciliation Act, 1956, As Amended: Determination No. 21: The Work of Motor Vehicle Driving in Certain Magisterial Districts in the Transvaal and Orange Free State 1

Koop Nasionale Spaarsertifikate
Buy National Savings Certificates

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Geregistreerde pos is nie verseker nie.

Stuur waardevolle artikels per

VERSEKERDE PAKKETPOS

en

Geld deur middel van 'n POSORDER of

POSWISSEL.

✦

Stuur u pakkette per lugpos

———dis vinniger!

✦

RAADPLEEG U PLAASLIKE POSMEESTER.

Registered mail carries no insurance.

Send valuables by

INSURED PARCEL POST

and

Money by means of a POSTAL ORDER or

MONEY ORDER.

✦

Use air mail parcel post

———It's quicker!

✦

CONSULT YOUR LOCAL POSTMASTER.

Die Staatsdrukker, Pretoria. | The Government Printer, Pretoria.

8 1—1968